Suidwes Landbou
Leeudoringstad, Noordwes

Mediavrystelling • Media Release

(018) 581 1000
www.suidwes.co.za

18 Junie 2018

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

(475 woorde)

Agrifriend Equipment en Northmec reik uit na die gemeenskap van Mier, Noord-Kaap.

Agrifriend Equipment, die Meganisasie afdeling van Suidwes Landbou, en Northmec, verskaffer van CASE-landbou implemente, het kragte saamgespan en ‘n verskil gemaak in die lewens van die inwoners van die Mier Plaaslike Munisipaliteit. Die skenking van ‘n CASE JX45T-trekker sal indirek bydrae tot die onderrig en opvoeding van die jongmense in die gebied.

Mier het met die Khara Hais Plaaslike Munisipaliteit saamgesmelt direk na die 2016 plaaslike verkiesing, om die nuwe Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit te vorm. Mier lê wes van die Nossobrivier, die Moloporivier en die nedersetting Askham. Die oostelike Kalahari Gemsbokpark (Kgalagadi Oorgrenspark, Kgalagadi Vredespark) vorm die Noord grens terwyl Namibië die Westelike grens vorm. Die gebied is bekend vir uitgestrekte duineveld en troppe springbokke wat daar voorkom. Dit is dus ‘n gewilde jagplek en bron van inkomste vir die plaaslike gemeenskap. Die gemeenskapleiers het daarom in 2012 hande gevat met ‘n paar sakemanne en die Mier Game Trust gestig. Dit is die Trust se doelwit om te verseker dat ‘n persentasie van die jaginkomste uit die gebied, teruggegee word aan die plaaslike gemeenskap.

Volgens Mnr Willie Philander, voorsitter van die Mier Game Trust, word die inkomste aangewend vir beurse vir matrikulante en ontvang elke Gr1-leerling elke jaar ‘n skooltas met al die nodige skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar.

Mnr Braam van Greunen, lid van die Mier Game Trust, vertel verder dat 60 leerders uit die gemeenskap jaarliks ‘n naweek by die Pulia-jagkamp deurbring, waartydens daar klem gelê word op natuur- en omgewingsbewaring.

Volgens Mnr Johan van der Merwe, Besturende Direkteur van Northmec, is dit uiters noodsaaklik dat die sakesektor betrokke raak by soortgelyke inisiatiewe. Hy staan verstom oor die dankbaarheid en diensbaarheid van die gemeenskapleiers. “Dis `n voorreg om betrokke te raak by ‘n gemeenskapsprojek wat omsien na die opleiding en ontwikkeling van ons jongmense.” sê Van der Merwe.

Mnr Hennie Gous, waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte van Agrifriend Equipment het gesê dat die CASE-trekker aangewend gaan word om lyndrade en kampdrade van die jagkamp te hersien en te verseker dat die nodige instandhouding plaasvind.

Tydens die oorhandiging van die CASE-trekker was Mnr Zgede, Speaker van die Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit, en Mnr Lood Willemse, Assistant Direkteur van die kantoor van die Burgermeester van die ZF Mgcawu Distriksmunisipaliteit ook teenwoordig.

Vlnr: Mnr Lood Willemse (Assistant-Direkteur van ZF Mgcawu Distriksmunisipaliteit), Mnr Hennie Gous (Waarnemende HUB: Agrifriend Equipment, Suidwes Landbou), Mnr Pieter Zgede (Speaker van die Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit), Mnr Willie Philander (Voorsitter, Mier Game Trust), Mnr Johan van der Merwe (Besturende Direkteur: Northmec) en Mnr Braam van Greunen (lid van die Mier Game Trust).

Die CASE JX45T-trekker wat aan die Mier Game Trust deur Northmec en Agrifriend Equipment geskenk is .

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za